Skool en sportdrag

REËLS IN VERBAND MET VOORKOMS, SKOOLDRAG EN SPORTDRAG:

Ouers word versoek om die voorgeskrewe skool – en sportdrag by die skool se amptelike leweransiers te koop. (Sien Verskaffers van Skooldrag). Dit verseker eenvormigheid en bied 'n beter beeld vir die skool. Die leweransiers verseker u van die absolute kwaliteit wat skool en sportklere betref. Nuwe leerders kry drie weke geleentheid om skooldrag aan te skaf.

ALGEMEEN

1. Leerders dra slegs voorgeskrewe skooldrag en sportdrag. Netheid en eenvormigheid moet te alle tye nagestreef word.
2. Leerders se klere moet asb duidelik gemerk word om die opsporing van verlore kledingstukke te vergemaklik. Die skool en personeel aanvaar geen verantwoordelikheid ten opsigte van die opsporing van ongemerkte klere nie.
3. Leerders gebruik die voorgeskrewe oefendrag tydens sportoefening.
4. BAKIES wat na skool-ure in skooldrag gesien word, bly 'n vertoonvenster na buite en moet steeds netjies aangetrek wees soos TROTSE BAKIES. In die publiek geld dieselfde reëls as tydens skoolure.
5. 'n Stewige tas met afskortings. Geen seil- of materiaal sakke nie, aangesien dit die handboeke beskadig.

HARE

- Sodra 'n dogter 'n poniestert/e van 10cm kan maak, moet haar hare vasgemaak word.
- Linte, rekkies, "crunches" en haarbande is maroen/wit/geel of die gekleurdes wat by die Blitzi Boetiek te koop is
- **Hare mag nie gekleur word nie en sonstrepe mag nie ingesit word nie.**
- Lang kuiwe en los hare langs ore is onaanvaarbaar.

SEUNSHARE:

- Kuif kort; wenkbroue oop. Hare om die ore kort (nie oor die ore hang nie). Nekhare mag nie agter aan die kraag raak nie.
- Geen vreemde haarstyle – egalige snit alleenlik. **Geen hare mag gekleur word nie.**

NAELS

- Kort naels
- Geen naellak word toegelaat nie.

JUWELE

- Slegs polshorlosies mag gedra word
- Geen armband of kettings word toegelaat nie – slegs mediese kettings en/of bandjies mag gedra word/
- Geen hangertjies en geen bandjies (Christelik of ander) om arms nie.
- Oorringe vir dogters: slegs goue of silwer knoppies of standaard goue of silwer ringetjies mag gedra word en slegs een per oor in die onderste gaatjie.
- Ringe: **SLEGS** seëlringe word toegelaat.

SKOOLDRAG: DOGTERS

SOMERSDRAG (eerste en vierde kwartaal)

1. ROKKIE: Maroen en wit geruit
2. BROEKIE: Maroen
3. SOKKIES: Kort maroen
4. SKOENE: Swart toeryg of met gespe
5. OPSIONEEL: Skoene en kouse is opsioneel in die somer

WINTERSDRAG (tweede en derde kwartaal)

1. BLOES: Maroen, geruite hemp
2. ROMP: Maroen of
3. LANGBROEK: Maroen
4. TRUI: V-nek – maroen of moulose oortrek trui met geel strepie in
5. KOUSE: Lang dikswart broekiekouse/Maroon "bobbysocks"
6. OPSIONEEL: Sweetpakpaadjie of skoolbaadjie (Gr 4-7)

SKOOLDRAG: SEUNS

SOMERSDRAG (eerste en vierde kwartaal)

1. BROEK: Grys, kortbroek
2. HEMP: Grys, kortmou
3. KOUSE: Lang, grys met maroen, geel en blou strepie in
4. SKOENE: Swart, toeryg
5. OPSIONEEL: Skoene en kouse
6. OPSIONEEL: Sweetpakpaadjie of skoolbaadjie (Gr 4-7)

7. <u>WINTERSDRAG (tweede en derde kwartaal)</u>

1. HEMP: Grys, lang of kortmou
2. BROEK: Grys, lank
3. KOUSE: Lang, grys met maroen, blou en geel strepie in
4. TRUI: V-nek –maroen of moulose maroen oortrek trui met geel strepie in
5. OPSIONEEL: Sweetpakpaadjie of skoolbaadjie (Gr 4-7)

LET WEL: SWEETPAKKE IS NIE AMPTELIKE SKOOLDRAG NIE – wel sportdrag. Leerders wat in die middag aan ‘n liga wedstryd deelneem mag met hul volledige sweetpakke skool toe kom; die sweetpakbaadjie mag ook as trui gedra word, maar die broek mag dus nie as langbroek gedra word nie.

SKOOLKLERE, VRYDAGHEMDE, SWEETPAKKE, SKOOLBAADJIES, SPORTKLERE EN SKOOLTRUIE MAG NET BY MARETHAS OF WIERDAPARK UITRUSTERS AANGEKOOP WORD!

<u>SKOOLSERPE (Wintermaande)</u>

- Slegs gewone swart, maroon of die Bakie serpe wat by die verskaffers te koop is.

<u>BEANIES (Wintermaande)</u>

- Slegs gewone swart, maroon of die Bakie Beanie wat by die verskaffers te koop is. ***Slegs gewone swart/moroon of die Bakie Beanie wat by die verskaffers te koop is mag aangetrek word. Let daarop dat Beanies slegs gedra mag word tot die klok lui vir die skooldag. Geen Beanies word in die klas gedra of gedurende pouses nie***

<u>SPORTDRAG: DOGTERS & SEUNS</u>

- <u>SWEETPAK</u>

  Maroen baadjie met geel insetsel en maroen sweetpakbroek

- SKOENE

Oorwegend wit tekkies tensy sportsoort anders bepaal.

ATLETIEK EN LANDLOOP

Atletiekseisoen: Eerste en vierde kwartaal

Landloopseisoen: Derde kwartaal

AMPTELIKE ATLETIEK EN LANDLOOPDRAG(VIR SEUNS EN DOGTERS)

- BROEK: Voorgeskrewe maroen kortbroek. Die maroen lycra broek (skipants) mag onder aan getrek word.
- HEMP: Atletiekhemp

HOKKIE VIR DOGTERS:

Hokkieseisoen: Derde kwartaal

AMPTELIKE HOKKIEDRAG

- ROMP: Voorgeskrewe maroen romp met lycra maroen broekie
- HEMP: Atletiekhemp
- SKOENE: Wit tekkies
- KOUSE: lang maroen met geel strepie kniekouse (Slegs te koop by Wierdapark uitrusters)

HOKKIE VIR SEUNS:

Hokkieseisoen: Derde kwartaal

AMPTELIKE HOKKIEDRAG:

- BROEK: Swart kortbroek
- HEMP: Vrydaghemp
- SKOENE: Wit tekkies
- KOUSE: Lang maroen met geel strepie kniekouse (Slegs te koop by Wierdpark uitrusters)

NETBAL:

Netbalseisoen: Eerste en tweede kwartaal

AMPTELIKE NETBALDRAG

- ROMP: Voorgeskrewe maroen romp met lycra maroen broekie

- HEMP Atletiekhemp
- SKOENE: Wit tekkies
- KOUSE: Voorgeskrewe netbalkouse te koop by die skool

RUGBY

Rugbyseisoen : Eerste en tweede kwartaal

AMPTELIKE RUGBYDRAG

- BROEK: Swart kortbroek
- RUGBYTRUI: Beskikbaar by die skoolafrigter

KRIEKET

Krieketseisoen: Derde kwartaal

AMPTELIKE KRIEKETDRAG

- BROEK: Wit broek
- HEMP: Wit gholfhemp soos voorgeskryf deur Krieketafrigter
- SKOENE: Wit tekkies
- KOUSE: Wit kouse

LW: Eerstepan klere vir al die sportsoorte word gedra soos bepaal deur afrigters.

KULTUUR

SENIOR KOOR

Dogters en Seuns: Voorgeskrewe klere soos bepaal deur afrigter

JUNIOR KOOR

- BROEK: Swart denim broek
- HEMP: Swart en gouekoor hemp beskikbaar by afrigter
- SKOENE: Swart Skoolskoene
- KOUSE: Swart kouse

JNR REVUE

- Soos voorgeskryf deur die afrigters vir die jaar.

SNR REVUE

- Soos voorgeskryf deur die afrigters vir die jaar.

JUKSKEI

❖ Soos voorgeskryf deur die afrigters vir die jaar.

VRYDAGDRAG (vir alle leerders)

❖ BROEK: Donkerblou **lang of knie** denim broek (geen kort denimbroek word toegelaat nie)
❖ HEMP: Vrydaghemp (Te koop by al 2 verskaffers)
❖ SKOENE: Verkieslik wit Tekkies

MBK DRAG: (Menslike Bewegingskunde). Alle leerders vanaf Gr 1 - 7

- BROEK: Swart kortbroek
- HEMP: Wit T-hemp

VERSKAFFERS VAN SKOOLDRAG:

Die skooldrag is beskikbaar by

- Maretha's - 012 660 1118
- Wierdapark uitrusters - 012 654 9600

KLEREBANK BY DIE SKOOL (Blitzi Boetiek)

URE: Maandae (07:00 – 07:30) en Woensdae (07:00 – 07:30) en (13:00 – 13:30)

Die skool beskik oor 'n klerebank waar ouers, indien hul dit sou verkies, skooldrag wat hul ontgroei het, kan omruil vir ander kledingstukke. Tweedehandse skooldrag kan ook hier gekoop word. Ouers wat skenkings van bruikbare skool – of sportdrag wil maak, is welkom om dit ook bogenoemde tye af te handel.

Skakel Persoon: Marelize Haasbroek 083 258 2713